Several adjustments are made to the available information and basic data in order to improve the accuracy of the statistics. For example, banks and other financial institutions report their deposits and advances by sector. This information is then compared with that supplied by other sectors so as to make appropriate adjustments, or is used to provide figures for those sectors in respect of which no or very little information is available, such as the household sector. In the case of private business enterprises and, up to the end of 1979, public business enterprises, the available information is as at the end of the enterprises' financial year falling within the period from July of one year to June of the following year. The transactions of these two sectors have therefore been adjusted, where possible, to a calendar-year basis from available information provided by the other sectors involved in these transactions.

Complete information on transactions in marketable financial claims among the different sectors is not available. Missing transactions are therefore derived from changes in the reported ownership distribution of the marketable security debt of borrowers, in particular the marketable stock debt of the Central Government, the public corporations and the local authorities. These changes, however, do not reflect flows at actual transaction values, but only the nominal values of such flows. Suitable adjustments have therefore to be effected in order to express the flows in terms of transaction values. Owing to a lack of information, the value of ordinary shares purchased by households is taken as being equal to the value of the shares sold by households during the same period. This assumption is based on the periodic weekly studies of share purchases and sales made by the Johannesburg Stock Exchange. Only those transactions by households in ordinary shares and in units of unit trusts, which can be inferred from the transactions of other sectors, are therefore shown for the household sector.

Owing to a lack of information on the term structure of loans and advances by banking institutions, the change in all such loans and advances is shown against the transaction item "loans and advances by monetary banking institutions". Because of the lack of comprehensive data of the household sector, the item "trade credit and other short-term loans" is used to reflect the total movement of funds between private business enterprises and the household sector. This transaction flow between the two

10. See Van Staden, *op. cit.*, pp.53-55 for a more complete discussion.

sectors concerned, therefore, includes short-term, long-term as well as mortgage loans. Since this flow is calculated as the balancing difference between the sources and uses of funds by private business enterprises and this sector's financing surplus or deficit, any residual error in this sector is also included under this item. The flow reflected against this transaction item should therefore be regarded only as a rough approximation.

### Analytical uses of national financial accounts data

National financial accounts provide a statistical framework which can be used for various financial analytical purposes. The disaggregated and more detailed data on sectors and transaction items can be used for tracing and analysing financial and non-financial relationships in the economy and financial inter-relationships among sectors of the economy, including monetary and capital market analyses. Because of the institutional framework of the accounts, the effects of changes in the operations of these institutions, and particularly those of financial institutions, and the evolution of the financial structure over time can be observed. Furthermore, the detailed classification of financial assets and liabilities facilitates the analysis of developments in the financial markets. However, as already stressed at the outset, the accounts presented in this article are still preliminary and subject to certain data and conceptual revisions. Exhaustive analyses will therefore not be attempted at this stage. Instead, only some illustrative applications of the data will be outlined.

### Sector financing balances

As indicated earlier, the link between the "real" flows in the national income and product accounts and the

"financial" flows in the national financial accounts, is provided by the financing balance-(surplus or deficit) of each sector appearing in item 5 of the accompanying tables. The financing balances of six major institutional sectors for the period 1970 to 1979 are presented in table 3.

An analysis of the financing balances, indicates which sectors were generally financing-surplus or financing-deficit sectors during the ten year period from 1970 to 1979. During this period the private non-financial corporate enterprises sector and the financial institutions were generally financing-surplus sectors which could finance their own gross investment, whereas the public enterprises sector was a financing-deficit sector relying on borrowing from other surplus sectors in order to meet the full financial requirements of its investment programmes. Because of its large capital investment programmes, the general government sector, as is traditionally the case in most countries, was a deficit sector, although fortuitous, small financing-surpluses were occasionally recorded, especially during years characterised by a sharply rising gold price. The household sector is normally a financing-surplus sector. However, unlike the general government sector which normally experiences a rise in revenue in the expansionary phase of the business cycle, this financing surplus tends to decline as the increase in economic activity gains momentum and private consumption expenditure accelerates. In the past, South Africa, as a rapidly developing country, relied to a significant extent on the foreign sector's financing-surplus (as reflected in a deficit on the current account of South Africa's balance of payments) to supplement the amount of domestic savings required for the financing of gross domestic investment. However, indications

Table 3 **Financing balances<sup>1</sup>, 1970-1979**  
R millions

	Foreign sector <sup>2</sup>	Financial institutions	General government	Public enterprises	Private corporate enterprises	Households
1970	868	58	-168	-492	-577	311
1971	1 057	108	-428	-723	-504	490
1972	90	226	-461	-818	134	829
1973	52	95	48	-763	240	328
1974	998	104	125	-1 365	-28	166
1975	1 813	260	-588	-2 029	-228	772
1976	1 671	36	-974	-2 373	1 160	480
1977	-412	218	-859	-2 378	1 833	1 598
1978	-1 330	204	-546	-1 883	2 144	1 411
1979	-2 970	749	-280	-2 628	2 900	2 229

1. Gross saving plus capital transfers less gross investment. Gross investment consists of fixed and inventory investment, before providing for depreciation.

2. A positive amount reflects a surplus for the rest of the world and therefore a deficit on South Africa's balance of payments current account. A negative amount represents a deficit for the rest of the world and a surplus on the current account of South Africa's balance of payments.



of a structural<sup>11</sup> change and a greater measure of self-reliance were observed during the last three years from 1977 to 1979, when the foreign sector became a financing-deficit sector as South Africa used excess domestic savings to reduce its net foreign indebtedness. This reduction occurred notwithstanding the fact that the country was in an expansionary phase of the business cycle, a period during which a deficit on the current account of the balance of payments is usually experienced.

In comparison with the experience of most other countries, the financing-surpluses recorded for the private non-financial corporate enterprises sector during most of the years under review, were rather unusual<sup>12</sup>. However, certain special circumstances were present in South Africa during this period, such as the advent of a substantially higher gold price and the dominant position of mining houses in the financial structure of South Africa. The mining houses invest large amounts of their own as well as of their group companies' retained earnings within their own group or in associated companies. In view of their substantial overall financial means, the mining houses, as a major capital finance and investment sector, contribute very considerably to the South African private corporate sector's ability to provide in its own financial needs.

### Monetary and money market analyses

Separate analyses of changes in money market conditions and in the money supply,<sup>13</sup> that is, the monetary analysis, are done by the Reserve Bank. The financial accounts, however, can also be used for approximate money market and monetary analyses.

Changes in the money market can to some extent be analysed in terms of changes in the sources and uses of funds of the monetary authority sub-sector, consisting of the Reserve Bank and the National Finance Corporation. The most important flows affecting the money market are changes in net gold and other foreign reserves, net claims on the government sector, net claims on the private non-banking sectors, and notes in circulation.

Changes in the money supply are found in the changes reported in the sources column of the monetary banking sector, comprising the monetary authority and other monetary banking institutions sub-sectors, against this sector's deposit liabilities to the private non-banking sectors (cash and demand deposits in the case of M1, and M1 plus other short and

medium-term deposits in the case of M2). The financial accounts will, of course, provide greater sectoral detail of changes in the private non-banking sectors' holdings of M1 and M2.

The uses of funds by the monetary banking sector, as defined above, plus those sources of funds which do not form part of changes in the money supply, provides the statistical "causes"<sup>14</sup> of changes in the money supply (M2). These causes of changes in M2 consist of changes in net gold and other foreign reserves<sup>15</sup>, net claims on the government, claims on the private sector, private sector long-term deposit liabilities, and net other assets. However, because of, inter alia, differences in sector classification, monetary analysis calculations based on the national financial accounts data may differ to a greater or lesser degree from the standard monetary analysis data. In addition, more sectoral detail of the causes of changes in M2 is provided in the financial accounts.

### Capital market analysis

As the national financial accounts cover all sectors of the economy, they provide a useful and convenient means of obtaining an overview of the different sections of the capital market. By analysing the amounts appearing in the sources columns of the various sectors against those transaction items which represent capital market claims, the borrowers of funds in the broad capital market and in its constituent sub-markets, such as the markets for fixed-interest securities, ordinary shares, mortgage loans, other long-term loans, etc., may be distinguished. Likewise, by analysing the amounts shown against the relevant transaction items in the uses columns of the different sectors, the suppliers of funds to the capital market may be identified. The main borrowers are the Central Government, local authorities and corporate business enterprises, whereas the financial intermediary sector is the principal supplier of funds to the market.

In addition to the identification of the main borrowers and investors in the capital market, the various sub-sections of the market may be studied by analysing the sources and uses of funds appearing against individual or appropriate groups of capital market claims. For example, the fixed-interest securities market may be analysed by means of the transactions in long and short-term government stock, local authority and public enterprise stock, and loan securities of private corporate enterprises. The same procedure can be followed in analysing the share

11. De Kock, G.P.C., "The New South African Business Cycle and its Implications for Monetary Policy," *South African Journal of Economics*, Johannesburg, December 1980, p.352.

12. Swanepoel, C.J., *Die Samestelling en Ontleding van die Inkom- en Uitgawerekening van Geïnkorporeerde Sake-ondernemings in Suid-Afrika, 1960-1975*, Unpublished D.Com. thesis, University of Pretoria, 1978, Table 16.6, p.297.

13. South African Reserve Bank, *Quarterly Bulletin*, September 1981, tables S-28 and S-29.

14. *Op. cit.*, table S-34.

15. The Central Government's foreign reserves are included while adjustments effected to neutralise valuation adjustments and net foreign liabilities related to reserves must be taken into consideration. The latter two amounts are shown in the balance of payments, see S.A. Reserve Bank, *op. cit.*, tables S-67 and S-78.

market, the mortgage loan market, the market for other long-term loans, and the market for longer-term deposits.

The role played by capital market institutions such as the insurers and pension funds sector is also presented in detail, while the operations of these and other financial institutions and other non-financial sectors in the different financial markets, can be observed and analysed with the aid of the information furnished in the national financial accounts.

# Nasionale finansiële rekeninge vir Suid-Afrika, 1970 tot 1979

Deur D.J. Uys en S.J. van der Walt

Die doel van hierdie artikel is om 'n stel nasionale finansiële rekeninge vir Suid-Afrika vir die jare 1970 tot 1979 aan te bied. Hierdie rekeninge moet as voorlopig beskou word vanweë die moontlikheid dat verdere verbeterings aan die begripsraamwerk en verdere verbeterings aan sommige van die geraamde gegewens aangebring kan word. Daar sal ten eerste aandag gegee word aan begrippe en definisies met betrekking tot nasionale finansiële rekeninge. Ten tweede sal die struktuur van die Suid-Afrikaanse finansiële rekeninge oorweeg word. Laastens sal die analitiese gebruike van die finansiële rekeninge-gegewens wat in die bygaande tabelle aangebied word, in hooftrekke aangedui word.

## Finansiële rekeninge-begrippe en -definisies

### Die term nasionale finansiële rekeninge

Nasionale finansiële rekeninge verteenwoordig 'n logiese uitbreiding van die nasionale ekonomiese rekeningkunde in soverre dit inligting aangaande die finansiële bedrywigheid in die ekonomie bykomstig tot die inkom- en produk vloei verskaf. In die algemeen word daar na die nasionale finansiële rekeninge as die vloei-van-fondse-rekeninge verwys, maar voorkeur word aan die eersgenoemde term verleen. "Nasionale" dui daarop dat hierdie rekeninge deel vorm van die geïntegreerde stelsel van nasionale ekonomiese rekeninge wat alle sektore van die ekonomie omvat, en "finansiële" onderskei die finansiële vloei van nie-finansiële of reële bedrywigheid. Volgens die Verenigde Volke se jongste nasionale rekeninge-handleiding<sup>1</sup> bestaan 'n geïntegreerde stelsel van ekonomiese rekeninge uit inkom- en produkrekeninge, internywerheid-(inset- uitset-) rekeninge, betalingsbalansrekeninge, finansiële rekeninge, balansstate en rykdom-statistiek.

### Skakeling tussen inkom- en produkrekeninge en finansiële rekeninge

Aangesien die nasionale inkom- en produkrekeninge na produksie, verbruik en investering verwys, word drie soorte rekeninge, naamlik produk-, inkom- en besteding-, en kapitaalfinansieringsrekeninge<sup>2</sup> gewoonlik opgestel. Drie hoofkategorieë transakteurs of sektore in die binnelandse ekonomie word gewoonlik in hierdie rekeninge onderskei, naamlik die algemene owerheid-, sake-onderneming- en huishoudingsektor. Die kapitaalfinansieringsrekening vorm die skakel tussen die "reële" en "finansiële" vloei. In hierdie rekening word die gegewens aangaande die finan-

siering van bruto binnelandse investering weerspieël. Aldus kan die oorskot of tekort van besparing in verhouding tot investering vir die ekonomie in sy geheel en, by onderverdeling, vir elke sektor bepaal word. Die nasionale finansiële rekeninge toon hoe fondse van besparingsoorskot- na besparingstekort-sektore gekanaliseer word en dui dus veranderinge aan in die hele verskeidenheid finansiële instrumente waardeur persone en instellings geld leen, uitleen of hou. Hierdie kanalisering van fondse word bewerkstellig deur die verkryging van finansiële bates en die gelyktydige aangaan van verpligtings. Finansiële bates en laste staan bekend as finansiële instrumente en elke finansiële instrument is 'n bate of eis vir een party en terselfdertyd 'n las of verpligting vir 'n ander party. In die finansiële rekeninge word na die verkryging van finansiële bates en die aangaan van verpligtings as die "aanwendings van fondse" en "bronne van fondse" onderskeidelik verwys.

Die skakeling tussen die finansiële rekeninge en die inkom- en produkrekeninge kan met behulp van Tabel 1 verduidelik word.

### Sektorale finansiële rekeninge

Die syfers in Tabel 1 verteenwoordig nasionale somtotale terwyl daar vir die doel van finansiële ontleding onderverdeelde sektorale gegewens benodig word. Soos reeds hierbo aangedui is, hoef 'n individuele sektor se besparing en investering nie ewe groot te wees nie. Die verskil tussen bruto besparing plus kapitaaloordragte en bruto investering plus kapitaaloordragte word as 'n **finansieringsaldo**, wat of 'n finansieringsoorskot of 'n finansieringstekort kan verteenwoordig, aangedui. 'n Finansieringsoorskot lei tot die netto verkryging van finansiële bates, terwyl 'n finansieringstekort in 'n netto aanvaarding van verpligtings weerspieël word. Die verskil tussen 'n individuele sektor se verkryging van finansiële bates of sy netto aanvaarding van verpligtings wat die **netto finansiële belegging** genoem kan word, is dus gelyk aan sy finansieringsaldo. Die aanwending van finansieringsoorskotte en die finansiering van finansieringstekorte is verantwoordelik vir die belangrikste finansiële vloei tussen die verskillende sektore van die ekonomie.

Die som van die sektorale finansieringsaldo's kom op nul te staan omdat 'n land se bruto binnelandse investering per definisie gelyk is aan die bruto binnelandse besparing plus enige toename in die netto skuldposisie teenoor die buiteland (of minus enige afname in die netto skuldposisie teenoor die buiteland). Net so kom die som van kapitaaloordragte en transaksies in bestaande fisiese en finansiële bates tussen die binnelandse sektore ook op nul te staan. Net soos die finansieringsoorskotte en -tekorte tussen die eenhede binne 'n sektor uitkanselleer as hulle gekonsolideer word, kanselleer sektorale saldo's vir alle sektore van die ekonomie ook uit. Insgelyks

1. United Nations, Department of Economic and Social Affairs, *A System of National Accounts*, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 3, Statistical Office, New York, 1968. Sien ook Stadler, J.J., *Die Nasionale Rekeninge van Suid-Afrika*, HAUM, Kaapstad-Pretoria, 1973, pp.56 en 214.

2. Ibid., p.29.



Tabel 1 **Kapitaalfinansieringsrekening, 1979**  
Gekonsolideerde rekening vir alle sektore  
R miljoene

Aanwendings van fondse		Bronne van fondse	
Toename in voorrade <sup>1</sup> . . . . .	683	Voorsiening vir waardevermindering <sup>1</sup> . . . . .	6 609
Bruto vaste investering <sup>1,2</sup> . . . . .	11 702	Besparing <sup>1</sup> . . . . .	8 746
Netto lenings aan die res van die wêreld <sup>3,4</sup> . . . . .	2 970	Netto kapitaaloordragte vanaf die res van die wêreld <sup>3</sup> . . . . .	0
Bruto akkumulاسie . . . . .	15 355	Finansiering van bruto akkumulاسie . . . . .	15 355
Netto verkryging van finansiële bates <sup>6</sup> (26139-23010) . . . . .	3 129	Netto lenings aan die res van die wêreld <sup>5</sup> . . . . .	2 970
		Netto uitgifte van verpligtings <sup>6</sup> . . . . .	159
<b>Totale aanwending van fondse . . . . .</b>	<b>3 129</b>	<b>Totale bronne van fondse . . . . .</b>	<b>3 129</b>

1. Vanaf inkom- en produkrekeninge.

2. Vanweë die gebrek aan gegewens, word transaksies in bestaande bates uitgesluit. Sulke transaksies mag vir sekere sektore belangrik wees, maar vir alle binnelandse sektore saam kanselleer dit uit.

3. Vanaf die betalingsbalans.

4. Stern ooreen met die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans.

5. Som van die netto uitvloeiing van kapitaal en verandering in goud- en ander buitelandse reserwes, dit wil sê, die kontra-pos van die betalingsbalans-saldo op lopende rekening.

6. By konsolidasie word die onderlinge finansiële eise van die binnelandse sektore teen mekaar afgesit en bly net die bates en laste ten opsigte van die res van die wêreld oor.

kanselleer die netto finansiële beleggingsaldo's van die verskillende sektore ook uit as hulle bymekaarge-tel word.

Ter illustrasie kan die gegewens in die gekonsolideerde kapitaalfinansieringsrekening, soos in Tabel 1 vir al die sektore van die ekonomie aangetoon, onderverdeel word om die finansiële vloei van die hoofsektore, versprei oor drie klasse finansiële transaksies, aan te toon. So 'n onderverdeling word in Tabel 2 aangebied. In hierdie tabel word finansiële instellings, nie-finansiële korporatiewe sake-onder-nemings en huishoudings as finansieringsoorskotsektore geïdentifiseer, terwyl die buitelandse sektor en die algemene owerheid as finansieringstekortsektore uitgewys word. Die vereenvoudigde stelsel van finansiële transaksies dien om die wyse waarvolgens finansieringsoorskotte van oorskot- na tekortsektore gekanaliseer word en die finansiële beleggingsportefoljes aangepas word, aan te dui.

## Die struktuur van die Suid-Afrikaanse nasionale finansiële rekeninge

### Hooftrekke van die struktuur

Die baanbrekerswerk in die samestelling van nasionale finansiële rekeninge in Suid-Afrika is in 1962 deur van Staden<sup>3</sup> gedoen. Op daardie tydstip was daar geen eenstemmigheid oor die struktuur en samestelling van 'n ten volle geïntegreerde stelsel van finansiële

rekeninge nie en ook nie genoegsame of genoegsaam uitvoerige gegewens beskikbaar nie. Hy het gevolglik gekonsentreer op die finansiële bates en laste van die hoofsektore van die ekonomie met besondere klem op die owerheidsektor, die banksektor en ander finansiële sektore. Dit is gedoen ten einde gegewens vir 'n monetêre ontleding te verkry en om 'n netto finansiële beleggingsaldo vir die verskillende sektore saam te stel ten einde 'n vertikale uitbreiding van die inkom- en produkrekeninge tot die finansiële rekeninge moontlik te maak.<sup>4</sup> Sederdien het die beskikbaarheid van finansiële gegewens in Suid-Afrika aansienlik verbeter en is die algemene formaat van finansiële rekeninge internasionaal gestandaardiseer, met inagneming egter van verskille in die finansiële strukture van lande. Dit is nou moontlik om 'n geïntegreerde stelsel van finansiële rekeninge vir Suid-Afrika saam te stel, selfs al is volledige gegewens nog nie beskikbaar nie.

Die doel van die finansiële rekeninge, naamlik om 'n betekenisvolle weergawe te verskaf van die vloei wat deur transaksies in finansiële poste tussen die verskillende sektore in die ekonomie meegebring word, vereis 'n behoorlike afbakening van die institusionele sektore en die identifisering van transaksies. Die struktuur van die finansiële rekeninge in Suid-Afrika is gebaseer op die stelsel soos uiteengesit in die Verenigde Volke se nasionale rekening-handleiding.<sup>5</sup> Hierdie rekeninge onderskei tussen twaalf sektore en dek 33 nie-finansiële en finansiële transaksieposte wat vir die inskakeling van die inkom- en produk vloei met die meer uitvoerige finansiële vloei van elke sektor voorsiening maak.

3. van Staden, B., 'n Finansiële Analise vir Suid-Afrika, — Die samestelling en ontleding van bates en laste van die hoofsektore van die volkshuishouding vir die doeleindes van 'n geïntegreerde stelsel van finansiële en nasionale rekeninge. Ongepubliseerde D.Com.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1962.

4. Ibid., p.24.

5. United Nations, op. cit.

Tabel 2 Vereenvoudigde stelsel van nasionale finansiële rekeninge, 1979  
R miljoene

	Buitelandse sektor		Finansiële instellings		Algemene owerheid		Nie-finansiële korporatiewe sake-ondernemings		Huishoudings		Totaal	
	Bronne	Aanwendings	Bronne	Aanwendings	Bronne	Aanwendings	Bronne	Aanwendings	Bronne	Aanwendings	Bronne	Aanwendings
Besparing . . . . .	-2 970 <sup>1</sup>	—	800	—	1 306	—	4 349	—	2 291	—	5 776	—
Voorsiening vir waardevermindering . . . . .	—	—	104	—	498	—	4 551	—	1 456	—	6 609	—
Kapitaaloordragte . . . . .	—	—	—	—	50	50	—	—	—	—	50	50
Toename in voorrade . . . . .	—	—	—	—	—	36	—	647	—	—	—	683
Bruto vaste investering . . . . .	—	—	—	155	—	2 048	—	7 981	—	1 518	—	11 702
<b>Totaal . . . . .</b>	<b>-2 970</b>	<b>—</b>	<b>904</b>	<b>155</b>	<b>1 854</b>	<b>2 134</b>	<b>8 900</b>	<b>8 628</b>	<b>3 747</b>	<b>1 518</b>	<b>12 435</b>	<b>12 435</b>
Finansieringsaldo <sup>2</sup> . . . . .	—	2 970	749	—	—	280	272	—	2 229	—	3 250	3 250
Netto finansiële belegging <sup>3</sup> . . . . .	2 970	—	—	749	280	—	—	272	—	2 229	3 250	3 250
Kontant en deposito's . . . . .	2 052	-8	5 206	3 775	112	49	31	1 554	—	2 031	7 401	7 401
Effekte . . . . .	91	-32	107	4 465	2 169	718	2 898	-33	-9	138	5 256	5 256
Ander finansiële eise . . . . .	986	199	5 498	3 320	2 367	3 601	1 404	3 084	3 227	3 278	13 482	13 482
<b>Totaal . . . . .</b>	<b>3 129</b>	<b>159</b>	<b>10 811</b>	<b>11 560</b>	<b>4 648</b>	<b>4 368</b>	<b>4 333</b>	<b>4 605</b>	<b>3 218</b>	<b>5 447</b>	<b>26 139</b>	<b>26 139</b>

1. Lenings aan die res van die wêreld. Hierdie negatiewe besparing van die buitelandse sektor is 'n spieëlbeeld van die oorskot op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans.

2. Finansieringsoorskot (getoon in bronnekolom) of -tekort (getoon in aanwendingskolom).

3. Netto verandering in verpligtings (dit wil sê netto beleggingstekort, getoon in bronnekolom) en in finansiële bates (dit wil sê netto beleggingsoorskot, getoon in aanwendingskolom).

Die gegewens word in die vorm van 'n matriks aangebied waarin die bronne en aanwendings van fondse van elke sektor as kolomme en die transaksieposte as rye getoon word. Veranderings in 'n sektor se besit aan finansiële bates word in die kolom vir die aanwending van fondse getoon (afnames word as negatiewe aanwendings getoon). Insgelyks word veranderings in laste in die kolom vir bronne van fondse getoon (afnames word in dié geval as negatiewe bronne van fondse getoon).

### Sektorindeling

By die afbakening van sektore behoort alle onafhanklike besluitnemende eenhede by een en slegs een sektor<sup>6</sup> ingedeel te word. Die belangrikste faktor by die bepaling van die sektore vir sowel die inkome- en

produkrekeninge as die finansiële rekeninge is homogeniteit. Die ekonomiese eenhede wat in 'n bepaalde sektor opgeneem word, moet sekere gemeenskaplike eienskappe op die gebied van ekonomiese bedrywigheid en besluitneming hê. In die finansiële rekeninge val die klem egter baie meer op 'n institusionele indeling van die ekonomiese eenhede wat in die finansiële markte optree, in teenstelling met die inkome- en produkrekeninge wat meer op die funksionele eienskappe van die ekonomiese eenhede konsentreer. As gevolg van hierdie verskil in die afbakening van sektore kan die verskillende sektore wat in die finansiële rekeninge onderskei word, nie altyd so gegroepeer word dat dit presies met die breë sektore van die inkome- en produkrekeninge ooreenstem nie. Korporatiewe finansiële instellings sal byvoorbeeld by die korporatiewe sake-ondernemings in die inkome- en produkrekeninge ingesluit word, soos by maatskappybesparing, terwyl hulle in die finansiële rekeninge saam met nie-korporatiewe

6. Bain, A.D., "Surveys in applied economics: Flow of funds analysis", *The Economic Journal*, Desember 1973, p.1062.

instellings in 'n afsonderlike finansiële instellingsektor gegroepeer sal word. Insgelyks word owerheidsondernemings soos die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (voorheen die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie) as sake-ondernemings van die openbare owerhede in die inkom- en produkrekeninge beskou, maar word as openbare nie-finansiële korporatiewe sake-ondernemings in die finansiële rekeninge getoon.

'n Sektorindeling op institusionele grondslag word in die finansiële rekeninge gedoen omdat dit institusionele eenhede is wat onafhanklik inkomme ontvang en uitbetaal en verskillende vorms van bates en laste besit en administreer. Hierdie eenhede word hoofsaaklik in die lig van die verskille in hul finansiële rol, gedrag en ondervinding in sektore ingedeel.<sup>7</sup> Hierdie verskille gee aanleiding tot die ontstaan van die debiteur/krediteur-verhoudings in die ekonomie en tot daardie transaksies tussen eenhede wat die verkryging van bates en die aanvaarding van verpligtings behels.

Die eerste belangrike onderskeid tussen transaksieurs is tussen inwoners en nie-inwoners. Die buitelandse sektor is nie 'n volledige eenheid soos byvoorbeeld die korporatiewe of die finansiële sektor nie en slegs daardie transaksies van nie-inwoners wat met inwoners aangegaan word, word in die finansiële rekeninge opgeneem. Wat die binnelandse ekonomie betref, is die buitelandse sektor derhalwe 'n resterende sektor<sup>8</sup> omdat die transaksies van hierdie sektor benodig word om die rekeninge van die binnelandse sektore te balanseer. Die buitelandse sektor word nie in die Verenigde Volke se nasionale rekeningehandleiding as 'n afsonderlike sektor getoon nie. In plaas daarvan word buitelandse transaksies horisontaal en afsonderlik van binnelandse transaksies onder die verskillende transaksieposte wat in die finansiële rekeninge onderskei word, getoon.

Die inwoner- of binnelandse sektore is afgebaken volgens die funksionele en/of institusionele eienskappe van die verskillende besluitnemende eenhede in die ekonomie. Vier breë sektore word onderskei, naamlik, 'n algemene owerheidsektor, 'n finansiële tussengangersektor, 'n nie-finansiële korporatiewe sektor en 'n huishoudingsektor. As gevolg van 'n gebrek aan volledige homogeniteit binne hierdie breë sektore en ten einde ekonomies-betekenisvolle finansiële vloei binne hierdie sektore te bepaal, word hulle in meer homogene subsektore ingedeel.

#### (a) Buitelandse sektor

Met die oog op die belangrikheid van die buitelandse sektor in die geval van Suid-Afrika, word dit as 'n afsonderlike sektor getoon. Die buitelandse sektor sluit in alle organisasies, persone en bates wat in ander lande as Suid-Afrika gevestig of geleë is. Suid-Afrika

word gedefinieer as die Rand Monetêre Gebied met die uitsluiting van Lesotho en Swaziland, dit wil sê die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die onafhanklike en selfregerende nasionale state binne die vorige grense van Suid-Afrika.

#### (b) Algemene owerheidsektor

Die algemene owerheidsektor bestaan uit die Sentrale Regering, die provinsiale administrasies en die plaaslike owerhede. Provinsiale administrasies word in 'n groot mate gebruik as gedesentraliseerde kanale vir besteding deur die sentrale regering en is finansiël bykans volkome van die Sentrale Regering afhanklik. Om hierdie redes word hulle saam met die Sentrale Regering in 'n subsektor van die algemene owerheid gegroepeer. Afgesien van die provinsiale administrasies omvat die sentrale regering-subsektor in die finansiële rekeninge die departemente van die sentrale regering (uitgesonderd die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese), departementele ondernemings soos die Staatsgarage, die Staatsdrukker, die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust, bestaansbeveiligingsfondse en regerings van onafhanklike en selfregerende state binne die vorige grense van Suid-Afrika. Bestaansbeveiligingsfondse sou as 'n afsonderlike sektor onderskei kon word, maar vanweë hul betreklike klein finansiële bedrywigheid word hulle by die sentrale regering-subsektor ingesluit.

Plaaslike owerhede verrig 'n regeringsfunksie wat duidelik van dié van die Sentrale Regering verskil. Hulle is in 'n groot mate finansiël onafhanklik van die Sentrale Regering en het 'n afsonderlike belastingbasis. Boonop het hulle toegang tot die kapitaalmarkt en hul skuld, veral hulle bemarkbare effekteskuld, is 'n belangrike deel van die land se finansiële batestruktuur. Plaaslike owerhede word gevolglik as 'n afsonderlike subsektor van die breë algemene owerheidsektor onderskei. By die plaaslike owerheidsubsektor word munisipaliteite, stadsrade, plaaslike gesondheidskomitees, afdelingsrade, gemeenskapsrade, administrasies, streekswatervoorsieningskorporasies en plaaslike waterrade ingesluit.

#### (c) Finansiële tussengangersektor

Finansiële tussengangers is besonder belangrik in 'n stelsel van finansiële rekeninge aangesien hulle die beweging van fondse van finansieringsoorskot na finansieringstekort sektore van die ekonomie vergemaklik. In hierdie proses pas hulle hul verpligtinge by die behoeftes van beleggers aan en verkry hulle eise wat die verskillende vereistes van die onderskeie leners van fondse weerspieël. Makelaars en soortgelyke agentskappe, wat nie hulle eie laste aan uitleners uitreik of eise teen leners verkry nie maar bloot 'n kontak tussen uitleners en leners bewerkstellig, verrig slegs 'n diens en word derhalwe nie as finansiële tussengangers in hierdie sektor ingesluit nie.

Binne die breë finansiële tussengangersektor word ses sub-sektore onderskei op grond van verskille in

7. United Nations, op. cit., p.78, paragraaf 5.49.

8. Dorrance, Graeme S., **National Monetary and Financial Analysis**, The MacMillan Press Ltd., Londen, 1978, p. 140 en 183n.



funksie en verskille in die aard van verpligtings. Die subsektore is: (i) die monetêre owerheid, (ii) ander monetêre bankinstellings, (iii) ander depositonemende instellings, (iv) die langtermynbesigheid van die Staatskuldkommissaris, (v) versekeraars en pensioenfondse, en (vi) ander finansiële instellings. Die uiteindelijke afsnypunt in die afbakening van die finansiële tussengangersektor is glad nie duidelik nie. Instellings soos banke, bouverenigings en versekeraars is in hul onderskeie ondernemingsrigtings maklik as finansiële tussengangers identifiseerbaar, maar die skeidslyn is minder duidelik in die geval van die sogenaamde "finansierings- en beleggingsmaatskappye" en ander soortgelyke instellings. Hierdie instellings se funksie as finansiële tussengangers is minder opvallend en hul indeling as tussengangers is afhanklik van die graad van finansiële bemiddeling wat deur hulle onderneem word. So byvoorbeeld sal die beheermaatskappy van 'n nywerheidsgroep in die algemeen slegs finansiële bates op sy balansstaat toon, maar hierdie finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit regstreekse beleggings in ander maatskappye binne die groep en verteenwoordig fondse wat vir die finansiering van die groep se produksie- en/of handelsbedrywighede aangewend word. Die beheermaatskappy tree derhalwe nie as 'n onbetrokke algemene finansiële tussenganger op nie, maar is slegs 'n deel van 'n besondere vorm van korporatiewe organisasiestruktuur. Gevolglik word die mynhuise en ander beheermaatskappye by die finansiële tussengangersektor uitgesluit en by hulle filiale in die nie-finansiële korporatiewe sektor ingesluit.

Die monetêre owerheid bestaan uit die sentrale bank, dit wil sê die Suid-Afrikaanse Reserwebank, en die Nasionale Finansiële Korporasie. Die insluiting in die finansiële tussengangersektor van die Reserwebank, wat in hoofsaak vir die breë monetêre beheer verantwoordelik is, is geregtig op grond van sy optrede, alhoewel op 'n enigins gespesialiseerde manier, as 'n finansiële tussenganger en sy invloed op die optrede van ander finansiële instellings en op die monetêre basis deur middel van monetêre beleidsmaatreëls. Die Nasionale Finansiële Korporasie word saam met die Reserwebank in die monetêre owerheidsubsektor ingesluit omdat sy bedrywighede nou verwant aan dié van die Bank is. So byvoorbeeld hou die Korporasie die rentedraende kontantreserwes van die banke in sy hoedanigheid as agent van die Reserwebank en is daar 'n gereelde omruiling van effekte tussen die Korporasie en die Bank, voortspruitende uit die akkommodasie wat deur die Bank aan die Korporasie verleen word of uit die Korporasie se behoefte aan tydelike bykomstige beleggingsgeleenthede. Ten einde te verseker dat die verpligtings van die monetêre owerheidsubsektor nie slegs die nootuitgifte weerspieël nie maar ook die munte in omloop, word die muntverpligtings van die Suid-Afrikaanse Tesourie ook by hierdie subsektor ingesluit.

Monetêre bankinstellings uitgesonderd die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie bestaan

uit die handelsbanke, diskontohuise, aksepbanke en daardie algemene banke waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan onmiddellik opeisbare depositoverpligtings nie minder nie as R5 miljoen bedra en waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan kort- en middeltermyndepositoverpligtings gedurende die voorafgaande jaar minstens R30 miljoen bedra het, asook die korttermynbesigheid van die Land- en Landboubank. Die onderskeidende eienskappe van die monetêre bankinstellings is dat 'n deel van hul laste as geld of kwasi-geld in die hande van die besitters van sodanige laste beskou word en dat hulle die geldhoeveelheid deur die verlening van krediet kan verhoog. Geld kan egter ook deur die sentrale bank geskep word en die laste van die monetêre banksektor in sy geheel weerspieël derhalwe onder andere die geldvoorraad van die land. Die gekonsolideerde laste en bates van die monetêre banksektor kan gebruik word in 'n monetêre ontleding waarin veranderings in die geldvoorraad, binne die raamwerk van 'n balansstaatidentiteit, verklaar kan word deur veranderings in bates en in daardie laste wat nie deel van die geldvoorraad self uitmaak nie.

Depositonemende instellings, uitsluitende die monetêre bankinstellings, word as 'n afsonderlike finansiële tussengangersubsektor geklassifiseer, hoofsaaklik as gevolg van die gelyksoortigheid van hul verpligtings wat hoofsaaklik uit spaartipe deposito's bestaan. In teenstelling met die monetêre bankinstellings het hulle baie min korttermynlaste wat as 'n deel van die geldhoeveelheid beskou kan word. Hulle verpligtings is egter nie wesenlik verskillend van die langertermynverpligtings van die monetêre bankinstellings nie en in die verkryging van langertermyndeposito's tree hulle in mededinging met die monetêre banke op. Die "ander depositonemende instellings" sluit die nie-monetêre banke, bouverenigings, die Posspaarbank en die depositonemende werksaamhede van die Staatskuldkommissaris in. Laasgenoemde word ingesluit omdat die Staatskuldkommissaris korttermyndeposito's ontvang van ander beleggers as die Regering en aangesien die rentekoers op hierdie deposito's verskil van die gemiddelde wat op die gesamentlike belegging van sodanige deposito's verdien word. Die depositonemende bedrywighede van plaaslike owerhede, die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie en die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie word uitgesluit aangesien hulle betreklik klein en slegs bykomstig tot die hoofbedrywighede van hierdie organisasies is.

Die langtermynbesigheid van die Staatskuldkommissaris, wat bestaan uit die neem van langertermynfondse van liggame en instellings in die openbare sektor en die belegging van hierdie fondse namens hulle in die effekte van die openbare sektor, word as 'n afsonderlike finansiële tussengangersubsektor geïdentifiseer. Hierdie onderskeiding word geregtig deur die grootte en belangrikheid van die Kommissaris se optrede in die kapitaalmark. Alhoewel die Kommissaris binne 'n vaste wetlike raamwerk funksioneer, tree hulle as 'n onafhanklike besluit-

nemende tussenganger in hul daaglikse bedrywighe op.

Versekeraars en pensioenfondse word as 'n afsonderlike subsektor van die breë finansiële tussengangersektor geklassifiseer omdat hulle vernaamste verpligtings die unieke eienskap het dat hulle die vernaamste instrumente van kontraktuele persoonlike besparing is. Verder is versekeraars en pensioenfondse belangrike institusionele beleggers in die kapitaalmark. Versekeraars sluit kort- sowel as langtermynversekeraars, die Motorvoertuigversekeringsfonds en uitvoerkredietherversekering in. Pensioenfondse bestaan uit private self- en staatsgeadministreerde pensioen- en voorsorgfondse. Laasgenoemde sluit die pensioenfondse van werknemers in die openbare sektor in en eersgenoemde, onder meer, ook die fondse wat ingevolge nywerheidsooreenkomste tot stand gebring is. Alhoewel die staatsgeadministreerde fondse deur die Staatskuldkommissaris geadministreer word, word hulle in 'n ander subsektor ingesluit omdat hulle afsonderlik georganiseer word en ook omdat bydraes tot hierdie fondse nie uitsluitlik in staatseffekte nie maar ook in ander effekte van die openbare sektor belê word.

Die oorblywende finansiële tussengangerssubsektor word aangedui as "ander finansiële instellings" en omvat 'n verskeidenheid van instellings wat die gemeenskaplike eienskap besit dat hulle optree as tussengangers by die opneem van fondse in verskillende vorms met die uitsluitlike oogmerk om sodanige fondse weer uit te leen of te belê. Funksioneel is daar egter tussen hierdie instellings groot verskille en in 'n sekere mate kan hierdie subsektor beskou word as die oorblywende instellings wat nie in afsonderlike subsektore ingesluit is nie. "Ander finansiële instellings" bestaan uit effektrusts, deelnemingsverbandskemas, finansieringsmaatskappye, die langtermynbesigheid van die Land- en Landboubank, Nasionale Spaarsertifikate, die Plaaslike Leningsfonds en die Nasionale Behuisingsfonds. Die Nasionale Behuisingsfonds word by hierdie subsektor ingesluit omdat dit in wese 'n finansiële instelling is wat, alhoewel dit deur die owerheid geadministreer en gefinansier word, afsonderlike rekenings en reserwes hou en spesialiseer in die voorsiening van behuisingslenings aan plaaslike owerhede en huishoudings. Die Plaaslike Leningsfonds funksioneer as 'n openbare leningsinstelling wat deur die Staatskuldkommissaris geadministreer word en sy werksaamhede bestaan uit die toestaan van lenings aan die kleiner plaaslike owerhede.

#### (d) Nie-finansiële korporatiewe sektor

Die nie-finansiële korporatiewe sektor is afgebaken op die basis dat die ekonomiese eenhede wat in hierdie sektor ingesluit word, geïnkorporeerde of betreklik groot sake-ondernemings is en almal regstreeks of onregstreeks met die produksie en verspreiding van goedere en dienste gemoeid is. Korporatiewe instellings wat as finansiële tussengangers optree, is uitgesluit van hierdie sektor. Die nie-finansiële korporatiewe ondernemings word onderverdeel in onder-

nemings in die private sektor en ondernemings in die openbare sektor.

Private-sektorondernemings bestaan uit private en openbare maatskappye, koöperasies en geïnkorporeerde professionele dienste-firmas soos ingenieurs, rekenmeesters, ens. Soos hierbo bespreek, word myn- en ander finansieringshuise en beheermaatskappye oor die algemeen by hierdie subsektor ingesluit.

Openbare-sektorondernemings sluit die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese (uitgesonderd die bedrywighe van die Posspaarbank), die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, die Suid-Afrikaanse Munt, die Landsvoorraadverkrygingsfonds, die Gemeenskapsontwikkelingsfonds, nie-finansiële openbare korporasies en die landboubeheerrade in. Die eersgenoemde twee openbare ondernemings lê hul begrotings in die Parlement ter tafel, maar word nietemin as outonome en grootliks selffinansierende staatsondernemings beskou aangesien hulle regstreekse toegang tot die plaaslike en buitelandse kapitaalmarkte het om hul interne besparings aan te vul, hulle hul eie rekenings en reserwes hou, en besonder groot ondernemings is wat die land van goedere en dienste meesal teen kommersiële tariewe voorsien en omdat hulle finansiële transaksies 'n betekenisvolle invloed op die finansiële markte het. Openbare korporasies sluit organisasies soos die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die Yster- en Staal Industriële Korporasie, die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie, die Randwaterraad, Sasol, die Uraanverrykingskorporasie, die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie en volfiliaalmaatskappye van hierdie korporasies in.

#### (e) Huishoudingsektor

Die huishoudingsektor word as 'n afsonderlike sektor onderskei aangesien huishoudings die finale verbruikers in die ekonomie is. Hierdie sektor bestaan dus hoofsaaklik uit individue en gesinne, maar sluit ook private liefdadigheids-, godsdienstige en nie-winssoekende organisasies wat die huishoudings bedien, in. Die gebrek aan afsonderlike gegewens is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings soos klein-handelaars, boere, en nie-ingelyfde professionele firma's by die huishoudingsektor ingesluit word, ondanks die feit dat hulle eerder produksie- as finale verbruikerseenhede is.

#### Indeling van transaksies

'n Betekenisvolle indeling van transaksies in die finansiële rekeninge word vir die doeleindes van finansiële ontledings benodig. So 'n indeling moet ten eerste tussen bates en laste (insluitende die netto batewaarde) en, ten tweede, tussen tasbare en finansiële bates aan die een kant en die netto batewaarde en laste aan die ander kant onderskei. Finansiële bates kan om verskeie redes gehou word, soos vir gerief, waardedraer en betaalmiddel (geld), likwiditeit



(kwasi-gelddeposito's), inkomste-verdienste (lenings en effekte) en spekulاسie (bemarkbare effekte). Finansiële transaksies weerspieël die transaksiewaardes van veranderinge in die ooreenstemmende balansstaatposte gedurende 'n gegewe tydperk. Dié deel van die finansiële rekeninge wat die finansiële transaksies van die verskillende sektore uiteensit, sal die finansiële transaksierekening genoem word.

Die skakel tussen daardie transaksies van die inkomste- en produkrekeninge wat by die finansiële rekeninge ingesluit is en die finansiële transaksierekening word deur die finansieringsaldo (oorskot of tekort) van elke sektor verskaf. Hierdie saldo kan óf van die sektor se kapitaalfinansieringsrekening uit die inkomste- en produkrekeninge óf onafhanklik van sy finansiële transaksierekening, naamlik as die sektor se netto finansiële belegging, bereken word. Alhoewel hierdie twee maatstawwe van die saldo dieselfde behoort te wees, is dit nuttig om hulle afsonderlik te bereken ten einde die noukeurigheid van die berekende inkomste en produk en die finansiële vloei te kontroleer.

Die bronne van fondse vir 'n bepaalde sektor, bestaande uit die netto besparing plus voorsiening vir waardevermindering, netto kapitaaloordragte wat van ander sektore ontvang is en netto buitelandse lenings, sal normaalweg nie aan sy totale aanwendings van fondse vir investering in voorrade en nuwe kapitaal-goedere plus netto aankope van bestaande vaste bates, gelyk wees nie. Hierdie verskil word beskryf as die sektor se finansieringsoorskot indien die bronne die aanwendings oorskry, of die finansieringstekort indien die bronne kleiner as die aanwending van fondse is. 'n Netto finansiële beleggingsoorskot naamlik 'n oorskot van finansiële bates aangeskaf bo verpligtinge aangegaan, sal natuurlik aangeteken word in die geval van 'n finansieringsoorskot en omgekeerd. 'n Finansieringsoorskot sal aanleiding gee tot 'n netto toename in die besit van finansiële bates en 'n finansieringstekort sal tot 'n netto toename in verpligtinge lei. Op 'n nasionale grondslag is die netto besparing plus voorsiening vir waardevermindering op kapitaalbate, netto buitelandse lenings en netto kapitaaloordragte van die res van die wêreld gelyk aan die bruto binnelandse investering. Vir alle sektore gesamentlik kanselleer kapitaaloordragte en transaksies in grond en ander bestaande vaste bates tussen individuele binnelandse sektore mekaar uit. As gevolg van 'n gebrek aan gegewens kan transaksies in bestaande vaste bates tussen die verskillende sektore en wat soms van 'n belangrike omvang kan wees, nie vir alle sektore afsonderlik bepaal word nie en word hulle derhalwe as 'n respos by die pos "ander bates/laste" ingesluit.

Met die keuse van finansiële transaksieposte, is dit belangrik om die finansiële markte en sektore wat ontleed moet word, in gedagte te hou. Transaksies in finansiële bates en laste moet volgens die soort instrument, graad van likwiditeit en die omstandighede waarin die transaksie in die eerste plek plaasge-

vind het, geïdentifiseer en ingedeel word.<sup>9</sup> Boonop is dit soms nodig om 'n meer volledige indeling van sekere laste- of finansiële bateposte te gebruik ten einde analities belangrike veranderinge in finansiële eise aan te dui. So byvoorbeeld kan onmiddellik opeisbare deposito's by monetêre bankinstellings, wat deel van die geldvoorraad uitmaak, as 'n afsonderlike klas van deposito's vir die doeleindes van geldvoorraadontledings onderskei word. Op die grondslag van hierdie beginsels kan transaksies op so 'n wyse ingedeel word om 'n raamwerk te verskaf vir die ontleding van beskikbare beleggingsgeleenthede en bronne van finansiering, sowel as die graad van likwiditeit en solvabiliteit, van die verskillende institusionele sektore. Van nog groter belang is dat sodanige indeling vir die ontleding van die verskillende finansiële markte benodig word.

Benewens die nie-finansiële poste en saldo's wat vanaf die inkomste- en produkrekeninge oorgedra word, word agt en twintig finansiële transaksieposte en saldo's geïdentifiseer in die finansiële rekeninge wat in die bygaande tabelle aangebied word. In hierdie transaksies word buitelandse bates en laste, afgesien van die besondere geval van die goud- en ander buitelandse reserwes, taksaldo's en die poste wat in die kolomme ten opsigte van die buitelandse sektor voorkom, nie afsonderlik van die binnelandse bates en laste getoon nie.

Geld, as die mees likwiede van alle bates, beklee 'n unieke plek in die reeks van transaksieposte soos dit in die finansiële rekeninge geïdentifiseer word, aangesien dit as 'n middel vir finale vereffening dien. In terme van hierdie eng definisie, bestaan geld of M1 in Suid-Afrika uit munte, banknote en onmiddellik opeisbare deposito's by monetêre bankinstellings, uitgesonderd owerheids- en buitelanders se deposito's. Naas geld, kan bates begripsgewys volgens dalende graad van likwiditeit gerangskik word, beginnende met kwasi-monetêre bates soos ander kort- en middeltermyndeposito's by monetêre bankinstellings gevolg deur langtermyndeposito's by monetêre banke, deposito's by ander depositonemende instellings, deposito's by ander finansiële instellings en 'n finale depositoklas vir deposito's by ander instellings. In die geval van Suid-Afrika verteenwoordig ander korttermyn- en middeltermyndeposito's (insluitende spaardeposito's) by monetêre bankinstellings, maar owerheids- en buitelanders se deposito's weer uitgesluit, die kwasi-geldkomponent van 'n breër gedefinieerde geldbegrip (M2). Deur ander klasse van deposito's in 'n ontleding van die mark vir depositofondse in te sluit, kan die geldbegrip tot nog breër gedefinieerde totale, naamlik M3, M4, ens., uitgebrei word.

Lenings en effekte, gerangskik volgens 'n benaderde graad van likwiditeit, word gelei deur wissels as die mees likwiede vorm van effekte. Wissels, wat belangrike geldmarkinstrumente is, word onderverdeel in skatkiswissels en wissels deur ander sektore

9. United Nations, *op. cit.*, p.133.



uitgereik, insluitende bankaksepte. In die reeks van lenings en effekte word wissels gevolg deur lenings en voorskotte van monetêre bankinstellings, wat as 'n afsonderlike klas onderskei word as gevolg van die belangrikheid van bankkrediet wat in hierdie vorm deur die monetêre banksektor toegestaan word as 'n oorsaak van verandering in die geldvoorraad. Vanweë die gebrek aan statistiese besonderhede, sluit hierdie pos alle lenings en voorskotte deur die monetêre banke in, ongeag die termyn van die lening of voorskot of die doel daarvan, soos lenings wat deur 'n verband oor eiendom verseker is. Ander korttermynlenings word onder die pos "handelskrediet en ander korttermynlenings" ingesluit. In die lig van die belangrikheid van huishoudings se verbruiksbesteding sou dit baie nuttig gewees het indien verbruikerskrediet afsonderlik van ander handelskrediet en korttermynlenings getoon kon word. Die statistiese gegewens is egter ontoereikend om op die stadium sodanige onderskeid te maak.

Die langtermyn-effekte van die hoofgroepe van uitreikers word as gevolg van die belangrikheid van elkeen van hierdie klasse van effekte as beleggings-instrumente in die geld- en kapitaalmarkte, afsonderlik getoon. Gevolglik word staatseffekte, effekte van plaaslike owerhede, effekte van openbare korporasies en maatskappyskuldbriewe van die private sektor afsonderlik getoon. Boonop word korttermynstaats-effekte, wat as 'n voorgeskrewe likwiede bate vir banke en bouverenigings geld, ook van langtermynstaats-effekte onderskei. Nie-bemerkbare effekte word as gevolg van hul wesenlik verskillende eienskappe ook afsonderlik aangetoon.

Gewone aandele verteenwoordig 'n unieke vorm van effek, wat die besitter daarvan se belang in korporatiewe organisasies verteenwoordig, en word derhalwe as 'n afsonderlike transaksiepos getoon. Verder word daar deur middel van 'n afsonderlike pos voorsiening gemaak om die netto eise wat voortvloei uit transaksies tussen Suid-Afrikaanse inwoners en buitelandse hoofkantore of takke, te meet. Buitelandse tak/hoofkantoor saldo's verteenwoordig die netto kapitaalsaldo wat deur 'n takorganisasie in een land aan sy hoofkantoor in 'n ander land verskuldig is. Dit bestaan uit die netto eienaarsfondse van die hoofkantoor wat in die tak belê is, van 'n kapitale sowel as lopende aard.

Langtermynlenings word afsonderlik van effekte en aandele in die finansiële transaksierekening onderskei. Met die oog op die ontleding van die verbandmark word verbandlenings onderskei van ander langtermynlenings wat van meer uiteenlopende aard is.

Die belang van polishouers en lede in die reserwes van versekeraars en pensioen- en voorsorgfondse onderskeidelik is belangrike vorms van kontraktuele besparing deur huishoudings en word in 'n afsonderlike pos in die finansiële transaksierekening getoon. Hierdie vorm van besparing is 'n belangrike bron van fondse vir leners soos die openbare sektor en afdelings van die private korporatiewe sektor.

Afgesien van 'n ondergeskikte transaksiepos wat bedrae ontvangbaar/betaalbaar meet, maak die indeling van transaksieposte voorsiening vir 'n respos aangedui as "ander bates/laste" (insluitende transaksies in bestaande vaste bates). Hierdie pos dek alle transaksies wat as gevolg van 'n gebrek aan inligting nie aan die ander poste toegedeel kan word nie. Die balanserende inskrywing wat vereis word om die netto finansieringsaldo vir elke sektor aan die geïdentifiseerde netto finansiële beleggingsaldo gelyk te stel, word ook by hierdie pos ingesluit. In die geval van die buitelandse sektor sluit hierdie pos ook die toekenning van Spesiale Trekkingsregte deur die Internasionale Monetêre Fonds aan Suid-Afrika, asook waardasie-aansuiwerings en foute en weglatings in die betalingsbalans, in.

Opsommenderwys word vir elke sektor twee finansiële transaksieposte, wat onderskeidelik die totale netto verkrygings van bates en die totale netto aanvaarding van verpligtings aantoon, met eersgenoemde in die kolom vir die aanwending van fondse en laasgenoemde in die kolom vir die bronne van fondse, voorsien. Daar dien op gelet te word dat, alhoewel 'n afname in 'n finansiële bate in werklikheid 'n bron van fondse verteenwoordig en 'n afname in 'n verpligting 'n aanwending van fondse weerspieël, die gebruik nietemin behou word dat, per saldo, 'n verandering in bates 'n aanwending van fondse en 'n verandering in laste 'n bron van fondse verteenwoordig. Hierdie prosedure sluit logies by die begrip van balansstaatontleding aan en is meer insiggewend as 'n suiwer bronne-en-aanwending-van-fondse-benadering wat hoofsaaklik op die bronne en aanwending van fondse in plaas van op die **netto** verkryging van bates of die **netto** aangaan van verpligtings konsentreer.

### Rekeningkundige beginsels

Finansiële transaksies is die transaksies wat nodig is om die eise wat uit die verhandeling van goedere en dienste of finansiële bates in die ekonomie voortspuit, te vereffen. In die geval van die finansiële rekeninge word transaksies aangeteken uit die oogpunt van albei partye tot die transaksie. Gevolglik lei die dubbelinskrywingstelsel van boekhouding tot minstens vier boekinskrywings, naamlik die verandering in die twee partye se batebesit as gevolg van die verhandeling van 'n bate, en ten minste twee verdere inskrywings met betrekking tot die vereffening van die eis wat uit die transaksie voortspruit. Laasgenoemde kan die vorm aanneem van 'n toename in die verkoper en 'n afname in die koper se kontantbesit of, alternatiewelik, 'n toename in die koper se skuld aan die verkoper en die verkoper se eise teen die koper.

Die gebruik van vier boekinskrywings om 'n transaksie tussen twee sektore aan te teken, beteken dat vir elkeen van die twee sektore wat by die transaksie betrokke is, sal die bronne en aanwending van fondse gelyk wees en boonop sal die bronne en

aanwending van fondse onder elke transaksiepos aangeteken, gelyk wees. Hierdie gelykhede is onderhewig aan die voorwaarde dat albei partye betrokke by die transaksie dit teen dieselfde waarde en gedurende dieselfde tydperk moet aanteken. Versuim om dit te doen, lei tot teenstrydighede tussen die gegewens getoon deur een sektor ten opsigte van fondse wat aan 'n debiteursektor verskaf is en wat laasgenoemde aantoon as fondse wat van die krediteursektor ontvang is. Waardasie-aansuiwerings word normaalweg vereis om te verseker dat die kontra-vloei vir albei sektore dieselfde is.

Ten einde die aantal transakteurs of sektore te verminder, word gelyksoortige transakteurs in groepe of sektore gekombineer en hul individuele rekeninge in een rekening vir elke sektor gekonsolideer of gekombineer. Met die konsolidasie van individuele rekeninge in een sektorrekening word transaksies tussen die individuele inbegrepe transakteurs uitgeskakel en word slegs transaksies met ander sektore geïdentifiseer. Die bogemelde gelykhede tussen die bronne en aanwending van fondse word nie deur die konsolidasie of kombinasie van ekonomiese eenhede of sektore aangetas nie.

Balansstaatgegewens weerspieël normaalweg die boekwaardes van finansiële instrumente, insluitende sulke instrumente soos aandele en vaste-rentedraende effekte, waarvan die markwaarde oor tyd mag skommel as gevolg van veranderings in pryse en rentekoerse. Aangesien transaksies teen markpryse geskied, sal alle veranderings in balansstaatposte nie noodwendig die werklike transaksiewaardes, soos wat dit vir die finansiële rekeninge benodig word, weerspieël nie. Slegs in die geval van finansiële eise met vaste markwaardes, soos byvoorbeeld kontant en deposito's by banke, sal veranderings in die balansstaatwaardes met die waardes van die onderliggende transaksies ooreenstem. Dit is gevolglik nodig om die balansstaatveranderings van bates met veranderlike markwaardes aan te pas sodat hulle die werklike transaksiewaardes weerspieël, en om die uitwerking van ander nie-transaksieveranderings, soos boekherwaardasies, op balansstaatposte uit te skakel.

Die netto verkryging van bates en die netto aangaan van verpligtings word afsonderlik, of op 'n bruto basis, getoon. Dit word gedoen om te verseker dat 'n verandering in 'n bate nie deur 'n verandering in 'n las geneutraliseer word nie, aangesien dit belangrike finansiële vloei sou uitskakel. Byvoorbeeld, as die laste van 'n finansiële instelling van sy bates afgetrek sou word, sou sy rol as 'n tussenganger tussen leners en uitleners in die slag bly. Binne 'n sektor word netto, of gekonsolideerde, gegewens egter gebruik. Transaksies wat tot gelyktydige toevoegings tot, of verminderings van, 'n spesifieke transaksiepos aanleiding gee, word ook teen mekaar afgesit. Gevolglik word veranderings in individuele balansstaatposte op 'n netto basis getoon.

Die finansiële rekening word op 'n debiteur/krediteur-basis van wie-skuld-wat-aan-wie saamgestel vanweë die belangrikheid om veranderings in die

intersektorale debiteur/krediteur-posisies te bepaal.<sup>10</sup> Die transaksies wat in hierdie rekening geïdentifiseer word, weerspieël derhalwe nie noodwendig 'n regstreekse vloei van fondse van 'n krediteursektor na 'n debiteursektor nie, soos wat die geval sou wees in 'n stelsel van vloei wat op die basis van van-wie-aan-wie saamgestel is. Alhoewel 'n versekeraar byvoorbeeld 'n toename in sy besit aan staatseffekte mag toon, kon hierdie bykomende effekte van 'n bouvereniging verkry gewees het en sou geen fondse regstreeks van die versekeraar na die sentrale regering gevloei het nie. Indien hierdie toename in die besit egter voortgespruit het uit die versekeraar se regstreekse intekening op 'n nuwe uitgifte van staatseffekte, sou daar 'n regstreekse vloei van fondse van die versekeraar na die regering gewees het.

Die aanvaarding van die benadering van wie-skuld-wat-aan-wie in die teboekstelling van transaksies in die finansiële rekeninge word gebaseer op die argument dat oorskotsektore nie fondse aan tekortsektore voorsien omdat hulle tekorte toon nie, maar eenvoudig omdat die oorskotsektore hulle eie voorkeure het in die keuse van hul portefeuljes en optrede in die markte vir sekere instrumente ongeag of hulle dit van die een óf die ander verkoper koop. Hulle verkry daardie besondere finansiële instrumente wat aan hul vereistes voldoen en wat hulle verkies om te besit. Daarbenewens sluit 'n gebrek aan voldoende gedetailleerde gegewens die samestelling van transaksies op 'n van-wie-aan-wie-basis uit.

Die basiese boekhoukundige beginsels wat in die finansiële rekening gevolg word, verhoog die waarde van hierdie rekeninge vanweë die konsekwentheid wat deur die verskillende gelykwaardighede in hierdie rekeninge bewerkstellig word. So byvoorbeeld, is die totale besparing gelyk aan die totale investering; vir elke sektor is die finansieringsoorskot (of -tekort) gelyk aan die netto finansiële beleggingsoorskot (of -tekort), maar hierdie saldo's kanselleer natuurlik uit vir al die sektore gesamentlik; en die onderskeie totale van al die bronne- en aanwendingsinskrywings onder een transaksie is gelyk, mits die veranderings in bates en laste eenders waardeer word.

In die praktyk is daar gewoonlik 'n verskil tussen die finansieringsaldo van die nie-finansiële vloei en die netto finansiële beleggingsaldo van die geïdentifiseerde finansiële vloei vir elke sektor. Hierdie verskil word as 'n ongeïdentifiseerde vloei beskou. Vir al die transakteurs gesamentlik kanselleer die netto finansiële beleggingsoorskotte en -tekorte natuurlik uit.

### Bronne en metodes

Die hoofbronne van die basiese gegewens wat in die samestelling van die finansiële rekening gebruik word, is die inligting wat deur die verskillende afdelings van die Ekonomiese Departement van die Suid-Afrikaanse Reserwebank oor die nasionale

10. Sien van Staden, op. cit., pp.53-55 vir 'n vollediger bespreking.

rekeninge, betalingsbalans, geld- en bankwese, kapitaalmark en staatsfinansies saamgestel word. Ander bronne sluit in die gegewens wat deur die Departement van Statistiek gepubliseer word met betrekking tot geïnkorporeerde sake-ondernemings en plaaslike owerhede en inligting wat deur die Reserwebank van openbare sake-ondernemings, plaaslike owerhede, provinsiale administrasies en die Sentrale Regering verkry word. Baie min inligting is ten opsigte van huishoudings beskikbaar; die gegewens met betrekking tot hierdie sektor word verkry deur dit van die kontraposte van transaksies met ander sektore af te lei. Vanweë 'n gebrek aan die nodige statistiese gegewens, maak transaksies in bestaande vaste bates 'n deel uit van die respos vir ander bates en laste.

Verskeie aanpassings word aan die beskikbare inligting en basiese gegewens aangebring ten einde die noukeurigheid van die statistiek te verbeter. So byvoorbeeld rapporteer die banke en ander finansiële instellings hul deposito's en voorskotte volgens sektor. Hierdie inligting word dan vergelyk met dié wat deur ander sektore voorsien word om sodoende gepaste aanpassings te maak, of dit word gebruik om syfers te voorsien vir daardie sektore ten opsigte waarvan geen of baie min inligting beskikbaar is, soos die huishoudingsektor. In die geval van private sake-ondernemings en, tot en met die einde van 1979, openbare sake-ondernemings, het die beskikbare inligting betrekking op die einde van die ondernemings se boekjare wat binne die tydperk vanaf Julie van een jaar tot Junie van die volgende jaar val. Die transaksies van hierdie twee sektore is gevolglik, waar moontlik, na 'n kalenderjaarbasis omgeskakel uit beskikbare gegewens wat voorsien is deur ander sektore wat by hierdie transaksies betrokke was.

Volledige inligting oor transaksies in bemarkbare finansiële eise tussen die verskillende sektore is nie beskikbaar nie. Ontbrekende transaksies word gevolglik afgelei van veranderinge in die gerapporteerde indeling volgens besitter van die bemarkbare effekteskuld van die leners, in besonder die bemarkbare effekteskuld van die Sentrale Regering, die openbare korporasies en die plaaslike owerhede. Hierdie veranderinge weerspieël egter nie die vloeiende werklike transaksiewaardes nie, maar slegs die nominale waardes van sodanige vloeiende. Gepaste aanpassings moet derhalwe gemaak word ten einde die vloeiende in terme van transaksiewaardes uit te druk. Vanweë 'n gebrek aan inligting word die waarde van gewone aandele wat deur huishoudings gekoop word, geneem as gelykstaande aan die waarde van die aandele wat gedurende dieselfde tydperk deur huishoudings verkoop is. Hierdie aanname is gebaseer op periodieke weeklikse studies wat deur die Johannesburgse Effektebeurs oor die koop en verkoop van aandele onderneem is. Slegs daardie transaksies deur huishoudings in gewone aandele en in onderaandele van effeketrusts wat uit die transaksies van ander sektore afgelei kan word, word gevolglik vir die huishoudingsektor getoon.

Vanweë 'n gebrek aan inligting oor die termyn-

struktuur van lenings en voorskotte deur bankinstellings, word die verandering in alle sodanige lenings en voorskotte teenoor die transaksiepos "lenings en voorskotte deur monetêre bankinstellings" getoon. Aangesien omvattende gegewens aangaande huishoudings ontbreek, word die pos "handelskrediete en ander korttermynlenings" gebruik om die totale beweging van fondse tussen private sake-ondernemings en huishoudings te weerspieël. Hierdie transaksievloei tussen die betrokke twee sektore sluit gevolglik korttermyn-, langtermyn- sowel as verbandlenings in. Aangesien hierdie vloei bereken word as die balanserende verskil tussen die bronne en aanwending van fondse deur private sake-ondernemings en hierdie sektor se finansieringsoorskot of -tekort, is enige respos in hierdie sektor ook by hierdie pos ingesluit. Die vloei wat teenoor hierdie transaksiepos getoon word, moet gevolglik slegs as 'n rowwe benadering beskou word.

### **Analitiese gebruike van nasionale finansiële rekeninge**

Nasionale finansiële rekeninge bied 'n statistiese raamwerk wat vir verskeie finansiële ontledings gebruik kan word. Die afsonderlike en meer uitvoerige inligting oor sektore en transaksieposse kan gebruik word vir die nasporing en ontleding van finansiële en nie-finansiële verwantskappe in die ekonomie en finansiële inter-verwantskappe tussen sektore in die ekonomie, insluitende monetêre en kapitaalmarkontledings. In die lig van die institusionele raamwerk van die rekeninge, kan die uitwerking van veranderinge in die optrede van hierdie instellings, in besonder dié van finansiële instellings, en die evolusie van die finansiële struktuur oor tyd, waargeneem word. Die ontleding van ontwikkelings in die finansiële markte word ook deur die uitgebreide uiteensetting van finansiële bates en laste vergemaklik. Soos reeds aan die begin beklemtoon is, is die rekeninge wat in hierdie artikel aangebied word, nog voorlopig en aan sekere inligtings- en begripsher-sienings onderhewig. Diepgaande ontledings sal dus nie in hierdie stadium onderneem word nie. In plaas daarvan sal slegs 'n paar aanwendingsmoontlikhede van die inligting ter illustrasie aangestip word.

### **Sektorfinansieringsaldo's**

Soos reeds vroeër aangedui is, word die skakel tussen die "reële" vloeiende in die nasionale inkom- en produkrekeninge en die "finansiële" vloeiende in die nasionale finansiële rekeninge deur die finansieringsaldo (oorskot of tekort) van elke sektor verskaf en dit verskyn as pos 5 in die bygaande tabelle. Die finansieringsaldo's van die ses belangrikste institusionele sektore word in tabel 3 vir die tydperk 1970 tot 1979 aangetoon.

'n Ontleding van die finansieringsaldo's toon welke sektore gedurende die tydperk van tien jaar vanaf 1970 tot 1979 oor die algemeen sektore met



Tabel 3 **Finansieringsaldo's<sup>1</sup>, 1970-1979**  
R miljoene

	Buitelandse sektor <sup>2</sup>	Finansiële instellings	Algemene owerheid	Openbare ondernemings	Private korporatiewe ondernemings	Huishoudings
1970	868	58	-168	-492	-577	311
1971	1 057	108	-428	-723	-504	490
1972	90	226	-461	-818	134	829
1973	52	95	48	-763	240	328
1974	998	104	125	-1 365	-28	166
1975	1 813	260	-588	-2 029	-228	772
1976	1 671	36	-974	-2 373	1 160	480
1977	-412	218	-859	-2 378	1 833	1 598
1978	-1 330	204	-546	-1 883	2 144	1 411
1979	-2 970	749	-280	-2 628	2 900	2 229

1. Bruto besparing plus kapitaaloordragte min bruto investering. Bruto investering bestaan uit vaste en voorraadinvestering vóór die voorsiening vir waardevermindering.

2. 'n Positiewe bedrag weerspieël 'n oorskot vir die res van die wêreld en dus 'n tekort op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans.  
'n Negatiewe bedrag verteenwoordig 'n tekort vir die res van die wêreld en 'n oorskot op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans.

'n finansieringsoorskot of finansieringstekort was. Gedurende hierdie tydperk was die private nie-finansiële korporatiewe ondernemingsektor en die finansiële instellings oor die algemeen finansieringsoorskot-sektore wat hul eie bruto investering kon finansier, terwyl die openbare ondernemingsektor 'n finansieringstekortsektor was en van ander oorskotsektore moes leen ten einde aan die volle finansiële vereistes van sy investeringsprogramme te kon voldoen. Die algemene owerheidsektor was, as gevolg van sy groot kapitaalinvesteringsprogramme, soos wat tradisioneel die geval in die meeste lande is, 'n tekortsektor, alhoewel toevallige klein finansieringsoorskotte by geleentheid aangeteken is, veral gedurende die jare wat deur 'n skerp styging in die goudprys gekenmerk is. Die huishoudingsektor is normaalweg 'n finansieringsoorskotsektor. In teenstelling egter met die algemene owerheidsektor wat normaalweg 'n styging in inkomste tydens die uitbreidingsfase van die konjunkturgolf ondervind, neig hierdie finansieringsoorskot om af te neem namate die styging in ekonomiese bedrywigheid stukrag verkry en private verbruiksbesteding versnel. In die verlede het Suid-

Afrika, as 'n snel-ontwikkelende land, in 'n betekenisvolle mate op die finansieringsoorskot van die buitelandse sektor gesteun (soos deur die tekort op die lopende rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans weerspieël word) ten einde die bedrag aan binnelandse besparing wat vir die finansiering van bruto binnelandse investering benodig word, aan te vul. Aanduidings van 'n strukturele<sup>11</sup> verandering en 'n

groter mate van selfvoorsienendheid is egter gedurende die laaste drie jare van 1977 tot 1979 waargeneem toe die buitelandse sektor 'n finansieringstekortsektor geword het namate Suid-Afrika oortollige binnelandse besparing vir die vermindering van sy netto buitelandse verpligtings aangewend het. Hierdie vermindering het plaasgevind in weerwil van die feit dat die land in 'n uitbreidingsfase van die konjunkturgolf was, 'n tydperk waartydens 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans normaalweg ondervind word.

Die finansieringsoorskotte wat vir die private nie-finansiële korporatiewe ondernemingsektor gedurende die meeste van die jare onder bespreking aange-teken is, is in vergelyking met die ondervinding in die meeste ander lande ietwat ongewoon.<sup>12</sup> Sekere uitsonderlike omstandighede was egter gedurende hierdie tydperk in Suid-Afrika aanwesig, soos die aansienlike hoër goudprys en die oorheersende posisie van die mynhuise in die finansiële struktuur van Suid-Afrika. Die mynhuise belê groot bedrae van hul eie sowel as hul groepmaatskappye se teruggehoue opbrengste binne hul eie groep of in verwante maatskappye. In die lig van hul aansienlike totale finansiële vermoë, dra die mynhuise, as 'n belangrike kapitaalfinansiering- en beleggingsektor, aanmerklik by tot die Suid-Afrikaanse private korporatiewe sektor se vermoë om in sy eie finansiële behoefte te voorsien.

11. de Kock, G.P.C., "The New South African Business Cycle and its Implications for Monetary Policy", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Johannesburg, Desember 1980, p.352.

12. Swanepoel, C.J., *Die Samestelling en Ontleding van die Inkom- en Uitgawerekening van Geïnkorporeerde Sake-ondernemings in Suid-Afrika, 1960-1975*, Ongepubliseerde D.Comproefskrif, Universiteit van Pretoria, 1978, Tabel 16.6, p.297.

## Monetêre en geldmarkontledings

Afsonderlike ontledings van veranderinge in die geldmarktoestand en in die geldvoorraad,<sup>13</sup> dit wil sê die monetêre ontleding, word deur die Reserwebank onderneem. Die finansiële rekeninge kan egter ook vir benaderde geldmark- en monetêre ontledings gebruik word.

Veranderinge in die geldmark kan in 'n sekere mate op grond van die veranderinge in die bronne en aanwending van fondse van die monetêre owerheid-subsektor, bestaande uit die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie, ontleed word. Die belangrikste vloei wat die geldmark raak, is die veranderinge in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, netto eise teen die regeringsektor, netto eise teen die private nie-banksektore, en note in omloop.

Veranderinge in die geldvoorraad word verkry uit die veranderinge wat aangedui word in die bronnekolom van die monetêre banksektor, bestaande uit die monetêre owerheid- en die ander monetêre bankinstellingssektor, teenoor hierdie sektor se depositoverpligtings teenoor die private nie-banksektore (kontant en onmiddellik opeisbare deposito's in die geval van M1 en M1 plus ander kort- en middeltermyndeposito's in die geval van M2). Die finansiële rekeninge sal natuurlik meer besonderhede op 'n sektorale basis verskaf van die veranderinge in die private nie-banksektor se besit aan M1 en M2.

Die aanwending van fondse deur die monetêre banksektor, soos hierbo omskryf, plus daardie bronne van fondse wat nie 'n deel van die veranderinge in die geldvoorraad uitmaak nie, weerspieël die statistiese "oorsaak"<sup>14</sup> van veranderinge in die geldvoorraad (M2). Hierdie oorsaak van veranderinge in M2 bestaan uit veranderinge in die netto goud- en ander buitelandse reserwes,<sup>15</sup> netto eise teen die regering, eise teen die private sektor, langtermyn-depositoverpligtings teenoor die private sektor, en netto ander bates. Die monetêre ontleding wat op die nasionale finansiële rekeninge gebaseer is, kan egter, onder andere as gevolg van verskille in die sektorindeling, in 'n mindere of meerdere mate van die standaard monetêre ontleding verskil. Daarbenewens word meer sektorale besonderhede van die oorsaak van veranderinge in M2 in die finansiële rekeninge gegee.

## Kapitaalmarkontleding

Aangesien die nasionale finansiële rekeninge alle sektore van die ekonomie oorspan, bied dit 'n nuttige en gerieflike manier om 'n oorsig van die verskillende

afdelings van die kapitaalmark te verkry. Deur die bedrae wat in die bronnekolomme van die verskillende sektore teenoor daardie transaksieposte wat kapitaalmarkeise verteenwoordig, te ontleed, kan die leners van fondse in die breë kapitaalmark en in sy afgebakende sub-markte, soos die markte vir vaste-rentedraende effekte, gewone aandele, verbandlenings, ander langtermynlenings, ens., onderskei word. Net so kan die aanbieders van fondse in die kapitaalmark geïdentifiseer word deur die bedrae wat teenoor die toepaslike transaksieposte in die aanwendingskolomme van die onderskeie sektore getoon word, te ontleed. Die belangrikste leners is die Sentrale Regering, plaaslike owerhede, en korporatiewe sake-ondernemings, terwyl die finansiële tussen-gangersektor die vernaamste voorsiener van fondse in die mark is.

Behalwe die identifisering van die belangrikste leners en beleggers in die kapitaalmark, kan die verskillende sub-sektore van die mark bestudeer word deur die bronne en aanwending van fondse wat teenoor die individuele of gepaste groepe kapitaalmarkeise verskyn, te ontleed. So byvoorbeeld kan die mark vir vaste-rentedraende effekte ontleed word deur middel van die transaksies in lang- en korttermynstaatseffekte, effekte van plaaslike owerhede en openbare ondernemings, en skuldbriewe van private korporatiewe ondernemings. Dieselfde metode kan in die ontleding van die aandelemark, die verbandmark, die mark vir ander langtermynlenings en mark vir langtermyndeposito's gevolg word.

Die rol wat deur sekere kapitaalmarkinstellings soos die versekeraars en pensioenfondse gespeel word, word ook in besonderhede aangetoon, terwyl die bedrywighede van hierdie en ander finansiële instellings en ander nie-finansiële sektore in die verskillende finansiële markte met behulp van die inligting wat deur die nasionale finansiële rekeninge verskaf word, waargeneem en ontleed kan word.

13. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, September 1981, tabelle S-28 en S-29.

14. Op. cit., tabel S-34.

15. Die Sentrale Regering se buitelandse reserwes is ingesluit, terwyl aansuiwerings aangebring ten einde die effek van die waardasie-aansuiwerings te neutraliseer en die netto buitelandse laste verwant aan reserwes moet ook in berekening gebring word. Laasgenoemde twee bedrae verskyn in die betalingsbalans, sien S.A. Reserwebank, op. cit., tabelle S-67 en S-78.

Sektore		Finansiële tussengangers/Financial intermediaries													
		Buitelandse sektor Foreign sector		Monetêre owerheid Monetary authority		Ander monetêre bankinstellings Other monetary banking institutions		Ander deposito-nemende instellings Other deposit-receiving institutions		Staatskuld-kommissarisse (langtermyn) Public Debt Commissioners (long-term)		Versekerings en pensioenfondse Insurers and Pension funds		Ander finansiële instellings Other financial institutions	
Transaksieposte	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	
1. Netto besparing . . . . .	868		1		46		12				-5		8		
2. Voorsiening vir waardevermindering . . . . .					2						18				
3. Kapitaaloordragte . . . . .				1		8		1				10		4	
4. Bruto investering . . . . .															
5. Finansieringsoorskot (B) of-tekort (A) . . . . .	868				40		11				3		4		
6. Netto finansiële beleggingsoorskot (A) of-tekort (B) . . . . .		868				40		11				3		4	
7. Finansiële bates (Totaal A 9-33) . . . . .		698		-43		423		518		250		711		160	
8. Finansiële laste (Totaal B 9-33) . . . . .	-170		-43		383		507			250		708		156	
9. Goud- en ander buitelandse reserwes . . . . .	-262			-200		13									
10. Kontant en onmiddellik opeisbare deposito's . . . . .			-120		3	-29		21				7		-14	
11. Ander kort- en middeltermyn-deposito's by monetêre bankinstellings . . . . .		-4	27		170	25		23				7		-2	
12. Langtermyn-deposito's by monetêre bankinstellings . . . . .					53			17				6		-1	
13. Deposito's by ander depositonemende instellings . . . . .		1				5	491					16		-5	
14. Deposito's by ander finansiële instellings . . . . .												3	122		
15. Deposito's by ander instellings . . . . .	1							14	250			175		-18	
16. Skatkiswissels . . . . .		1		31		-73		-19							
17. Ander wissels . . . . .				64	64	61		16							
18. Lenings en voorskotte van monetêre bankinstellings . . . . .	21	18	24	131	109	320					-1		38	2	
19. Handelskrediet en ander korttermyn-lenings . . . . .	40	109						6			10	41	3	5	
20. Korttermynstaatseffekte . . . . .		1		-12		36		9		11					
21. Langtermynstaatseffekte . . . . .		34		22		-39		-41		211		49		-25	
22. Nie-bemarkbare obligasies van die sentrale regering . . . . .															
23. Effekte van plaaslike owerhede . . . . .		-1		1		-19		19		13		40		-1	
24. Effekte van openbare ondernemings . . . . .		27		-4		13		16		35		29			
25. Ander skuldbriewe en voorkeuraandeel . . . . .				-7		27		3			2	112	29		
26. Gewone aandeel . . . . .	25	123				-39		2			-1	72	-75	3	
27. Buitelandse tak-/hoofkantoor-saldo's . . . . .	4	8									7				
28. Langtermynlenings . . . . .	1	291					5	29		-20	6	54	39	28	
29. Verbandlenings . . . . .								389				15		181	
30. Ledebeleg in lewensversekerings-en pensioenfondse . . . . .											602				
31. Bedrae ontvangbaar/betaalbaar . . . . .							3	-6			-11		-2		
32. Ander bates/laste . . . . .		90	26	-69	-16	122	8	20			94	85	2	7	
33. Sluitpos . . . . .															

B=Bronne A=Aanwendings

'n Negatiewe bedrag dui op 'n afname in daardie betrokke pos. In die geval van laste (bronne) dui dit op 'n afname in die beskikbare bron van fondse en by bates (aanwendings) op 'n verdere bron van fondse.



# NATIONAL FINANCIAL ACCOUNTS

Flows for the year 1970

R millions

Algemene owerheid General Government				Korporatiewe sake-ondernemings Corporate business enterprises								Sectors		Transaction items
Sentrale regering en provinsiale administrasies Central government and provincial administrations		Plaaslike owerhede Local authorities		Openbare sektor Public sector		Private sektor Private sector								
B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U			
312 43	13 433	118 73 13	281	60 270	822	199 691	1 467	706 262	657	2 325 1 359 13	3 684	1. Net saving 2. Provision for depreciation 3. Capital transfers 4. Gross investment		
91	91	77	77	492	492	577	577	311	311	1 237	1 237	5. Financing surplus (S) or deficit (U) 6. Net financial investment surplus (U) or deficit (S)		
240	149	79	2	629	137	1 040	463	1 092	1 403	4 871	4 871	7. Financial assets (Total U9-33) 8. Financial liabilities (Total S9-33)		
	-75									-262	-262	9. Gold and other foreign reserves		
	-131		2		-10		-49		86	-117	-117	10. Cash and demand deposits		
			2		10		-81		217	197	197	11. Other short and medium-term deposits with monetary banking institutions		
			-18				-13		62	53	53	12. Long-term deposits with monetary banking institutions		
	-50		18		6		21		479	491	491	13. Deposits with other deposit-receiving institutions		
					31		12		76	122	122	14. Deposits with other financial institutions		
-6	43	2	-2	6	47	12			6	265	265	15. Deposits with other institutions		
-65						71	-4	2		-65	-65	16. Treasury bills		
										137	137	17. Other bills		
2		7		16		159	-5	91		466	466	18. Loans and advances by monetary banking institutions		
-4	-2	10	-5	85	29	146	646	550	11	840	840	19. Trade credit and other short-term loans		
41					-1		-1		-2	41	41	20. Short-term government stock		
207		1			-3		6		-8	207	207	21. Long-term government stock		
												22. Non-marketable bonds of the central government		
-8		36			3		-21		-8	-8	-8	23. Securities of local authorities		
	-1		2	77			-22		1	36	36	24. Securities of public enterprises		
									-18	77	77	25. Other loan stock and preference shares		
					-11	100	2		5	131	131	26. Ordinary shares		
	64			49	39	190	30		-106	188	188	27. Foreign branch/head office balances		
					1	4				12	12	28. Long-term loans		
110	307	16	-5	396	-43	114	43	17	20	704	704	29. Mortgage loans		
		2	10		4	196		401		599	599	30. Members' interest in life assurance and pension funds		
8									610	610	610	31. Amounts receivable/payable		
	2						-15	-6	3	-16	-16	32. Other assets/liabilities		
-45	20		-3			51	-85		-31			33. Balancing item		
	-29	6			36			37		163	163			

S=Sources U=Uses

A negative amount reflects a decrease in that item. In the case of liabilities (sources) it denotes a reduction in the available source of funds and in the case of assets (uses) it indicates an additional source of funds.

**NASIONALE FINANSIËLE REKENINGE**  
**Vloeië vir die jaar 1971**

R miljoen

Transaksieposte	Sektore		Finansiële tussengangers/Financial intermediaries													
			Buitelandse sektor Foreign sector		Monetêre owerheid Monetary authority		Ander monetêre bankinstellings Other monetary banking institutions		Ander deposito-nemende instellings Other deposit-receiving institutions		Staatskuld-kommissarisse (langtermyn) Public Debt Commissioners (long-term)		Versekerings en pensioen-fondse Insurers and Pension funds		Ander finansiële instellings Other financial institutions	
	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U		
1. Netto besparing . . . . .	1 057		2		46		2				58		4			
2. Voorsiening vir waardevermindering . . . . .					3						21					
3. Kapitaaloordragte . . . . .																
4. Bruto investering . . . . .				1		8		1				13		5		
5. Finansieringsoorskot (B) of-tekort (A) . . . . .	1 057		1		41		1				66			1		
6. Netto finansiële beleggingsoorskot (A) of-tekort (B) . . . . .		1 057		1		41		1				66	1			
7. Finansiële bates (Totaal A 9-33) . . . . .		988		139		508		341		191		804		312		
8. Finansiële laste (Totaal B 9-33) . . . . .	−69		138		467		340			191		738		313		
9. Goud- en ander buitelandse reserwes . . . . .	−156			−217		34										
10. Kontant en onmiddellik opeisbare deposito's . . . . .			−66		108	2	6					1		−1		
11. Ander kort- en middeltermyn-deposito's by monetêre bankinstellings . . . . .		27	19		128	18	−2					3		−2		
12. Langtermyn-deposito's by monetêre bankinstellings . . . . .					−16		−1					1		−1		
13. Deposito's by ander depositonemende instellings . . . . .		1				−6	339					−5		4		
14. Deposito's by ander finansiële instellings . . . . .													155			
15. Deposito's by ander instellings . . . . .						6	23		191			169				
16. Skatkiswissels . . . . .		3		16		−6	8									
17. Ander wissels . . . . .				140	140	−11	−9									
18. Lenings en voorskotte van monetêre bankinstellings . . . . .	19	62	51	84	−38	266	1	5					9	12		
19. Handelskrediet en ander korttermynlenings . . . . .	32	188					2	−25			15	−26	11	−5		
20. Korttermynstaatseffekte . . . . .		3		9		52	3			12		2				
21. Langtermynstaatseffekte . . . . .		52		3		−1	−45			166		101		−6		
22. Nie-bemarkbare obligasies van die sentrale regering . . . . .																
23. Effekte van plaaslike owerhede . . . . .		17				−12	13			3		47		1		
24. Effekte van openbare ondernemings . . . . .		49				−6	−11			30		61		12		
25. Ander skuldbriewe en voorkeuraandeel . . . . .				5		32	10					84	48	1		
26. Gewone aandele . . . . .	9	131			54	7	2					113	17	−4		
27. Buitelandse tak-/hoofkantoor-saldo's . . . . .	−4	−18										−1	−2			
28. Langtermynlenings . . . . .	31	279					−1	61		−20		14	85	54		
29. Verbandlenings . . . . .								316				2	55	240		
30. Ledebeleg in lewensversekerings- en pensioenfondse . . . . .												628				
31. Bedrae ontvangbaar/betaalbaar . . . . .							1	−13				15		2		
32. Ander bates/laste . . . . .		194	134	99	91	133	−2					66	115	3		
33. Sluitpos . . . . .																

B=Bronne A=Aanwendings

'n Negatiewe bedrag dui op 'n afname in daardie betrokke pos. In die geval van laste (bronne) dui dit op 'n afname in die beskikbare bron van fondse en by bates (aanwendings) op 'n verdere bron van fondse.

# NATIONAL FINANCIAL ACCOUNTS

Flows for the year 1971

R millions

Algemene owerheid General Government				Korporatiewe sake-ondernemings Corporate business enterprises								Sectors
Sentrale regering en provinsiale administrasies Central government and provincial administrations		Plaaslike owerhede Local authorities		Openbare sektor Public sector		Private sektor Private sector						
B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	Transaction items
191 50	14 521	98 82 14	328	25 325	1 073	211 799	1 514	1 088 290	888	2 782 1 570 14	14 4 352	1. Net saving 2. Provision for depreciation 3. Capital transfers 4. Gross investment
	294		134		723		504	490		1 656	1 656	5. Financing surplus (S) or deficit (U) 6. Net financial investment surplus (U) or deficit (S)
294		134		723		504			490	1 656	1 656	
897	603	156	22	973	250	1 494	990	1 069	1 559	6 707	6 707	7. Financial assets (Total U9-33) 8. Financial liabilities (Total S9-33)
	27									-156	-156	9. Gold and other foreign reserves
	-137				15		87		69	42	42	10. Cash and demand deposits
			-3		-1		-39		146	147	147	11. Other short and medium-term deposits with monetary banking institutions
			7		-1		-74		53	-16	-16	12. Long-term deposits with monetary banking institutions
	26		-7		-8		41		293	339	339	13. Deposits with other deposit-receiving institutions
					10		13		132	155	155	14. Deposits with other financial institutions
16	26	1	2	-2	-19	15			-2	205	205	15. Deposits with other institutions
					-4		-18		4	16	16	16. Treasury bills
								6		124	124	17. Other bills
122		-5		-15	-8	257		20		421	421	18. Loans and advances by monetary banking institutions
-12	137	46	-3	308	19	107	820	598	2	1 107	1 107	19. Trade credit and other short-term loans
101					2		-1		19	101	101	20. Short-term government stock
280			-1		-2		2		11	280	280	21. Long-term government stock
16									16	16	16	22. Non-marketable bonds of the central government
		64			1		-7		1	64	64	23. Securities of local authorities
			4	140			-13		14	140	140	24. Securities of public enterprises
			4		-4	114	1		29	162	162	25. Other loan stock and preference shares
	141			116	26	252	-1		32	447	447	26. Ordinary shares
						-17	-2			-22	-22	27. Foreign branch/head office balances
157	308	49 1	5 15	429 -2	163 14	365 245	175	39 393	35	1 145 640	1 145 640	28. Long-term loans 29. Mortgage loans
22									650	650	650	30. Members' interest in life assurance and pension funds
	2					-11	23		-2	12	12	31. Amounts receivable/payable
182	73		-7	3		185	-34	13	-19	688	688	32. Other assets/liabilities
13			6		43				80			33. Balancing item

S=Sources U=Uses

A negative amount reflects a decrease in that item. In the case of liabilities (sources) it denotes a reduction in the available source of funds and in the case of assets (uses) it indicates an additional source of funds.



**NASIONALE FINANSIËLE REKENINGE**  
**Vloeië vir die jaar 1972**

R miljoene

Transaksieposte	Sektore		Finansiële tussengangers/Financial intermediaries											
			Buitelandse sektor Foreign sector		Monetêre owerheid Monetary authority		Ander monetêre bankinstellings Other monetary banking institutions		Ander deposito-nemende instellings Other deposit-receiving institutions		Staatskuld-kommissarisse (langtermyn) Public Debt Commissioners (long-term)		Versekerers en pensioen-fondse Insurers and Pension funds	
	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U
1. Netto besparing .....	90		2		76		29				140		5	
2. Voorsiening vir waardevermindering					3						24			
3. Kapitaaloordragte .....				1		31		2				13		6
4. Bruto investering .....														
5. Finansieringsoorskot (B) of-tekort (A)	90		1		48		27				151			1
6. Netto finansiële beleggingsoorskot (A) of-tekort (B)		90		1		48		27				151	1	
7. Finansiële bates (Totaal A 9-33) ...		681		133		739		649		132		901		237
8. Finansiële laste (Totaal B 9-33) ...	591		132		691		622		132		750		238	
9. Goud- en ander buitelandse reserwes	437			472		-40								
10. Kontant en onmiddellik opeisbare deposito's .....			150		293	17	4	10				14		-3
11. Ander kort- en middeltermyn-deposito's by monetêre bankinstellings .....		43	52		268	51		6				1		-1
12. Langtermyndeposito's by monetêre bankinstellings .....					370			36				6		-6
13. Deposito's by ander depositonemende instellings .....		5				10	598					23		-3
14. Deposito's by ander finansiële instellings .....												11	110	
15. Deposito's by ander instellings .....	1								132			163		-3
16. Skatkiswissels .....		4		-23		49		20						
17. Ander wissels .....				-149	-149	65		-4						10
18. Lenings en voorskotte van monetêre bankinstellings .....	21	-70	-71	-144	-3	233	-2	15			15		-33	
19. Handelskrediet en ander korttermynlenings .....	70	-36						80			73	33	10	7
20. Korttermynstaatseffekte .....				-10		128		52		-5		-2		
21. Langtermynstaatseffekte .....		65		23		138		-40		125		238		-1
22. Nie-bemarkbare obligasies van die sentrale regering .....														
23. Effekte van plaaslike owerhede .....		17		-1		40		18		10		48		
24. Effekte van openbare ondernemings .....		-5		1		11		7		22		24		-1
25. Ander skuldbriewe en voorkeuraandeel .....				-4		43		14			8	52	97	
26. Gewone aandeel .....	-13	193			2	16		4			23	105	15	18
27. Buitelandse tak-/hoofkantoorsaldo's .....	6	25										3		
28. Langtermynlenings .....	7	362					-2	30		-20	-33	117	24	69
29. Verbandlenings .....								365			-3	-11		161
30. Ledebelang in lewensversekerings- en pensioenfondse .....											703			
31. Bedrae ontvangbaar/betaalbaar .....							1	10			-13		2	1
32. Ander bates/laste .....	62	78	1	-32	-90	-22	23	26			-23	76	3	-1
33. Sluitpos .....														

B=Bronne A=Aanwendings

'n Negatiewe bedrag dui op 'n afname in daardie betrokke pos. In die geval van laste (bronne) dui dit op 'n afname in die beskikbare bron van fondse en by bates (aanwendings) op 'n verdere bron van fondse.

# NATIONAL FINANCIAL ACCOUNTS

Flows for the year 1972

R millions

Algemene owerheid General Government				Korporatiewe sake-ondernemings Corporate business enterprises								Sectors
Sentrale regering en provinsiale administrasies  Central government and provincial administrations		Plaaslike owerhede  Local authorities		Openbare sektor  Public sector		Private sektor  Private sector						
B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	B S	A U	
284 60	14 612	80 94 14	367	84 383	1 285	290 937	1 093	1 178 351	700	2 258 1 852 14	14 4 110	1. Net saving 2. Provision for depreciation 3. Capital transfers 4. Gross investment
282	282	179	179	818	818	134	134	829	829	1 280	1 280	5. Financing surplus (S) or deficit (U) 6. Net financial investment surplus (U) or deficit (S)
929	647	273	94	921	103	1 025	1 159	1 099	1 928	7 403	7 403	7. Financial assets (Total U9-33) 8. Financial liabilities (Total S9-33)
49	5									437	437	9. Gold and other foreign reserves
	74		6		-9		197		141	447	447	10. Cash and demand deposits
	1		4				55		160	320	320	11. Other short and medium-term deposits with monetary banking institutions
	-6		10		72		209		49	370	370	12. Long-term deposits with monetary banking institutions
	29		23		16		45		450	598	598	13. Deposits with other deposit-receiving institutions
	14	-16		2	-52	-4	35		116	110	110	14. Deposits with other financial institutions
					-61	-2	-1		4	115	115	15. Deposits with other institutions
				17		34				49	49	16. Treasury bills
										-88	-88	17. Other bills
-143		3		8		68	6	169	-8	32	32	18. Loans and advances by monetary banking institutions
-10	-152	30	29	-46	29	118	713	459	1	704	704	19. Trade credit and other short-term loans
152							3		-14	152	152	20. Short-term government stock
685							23		114	685	685	21. Long-term government stock
25		149					-1		25	25	25	22. Non-marketable bonds of the central government
				90			2		18	149	149	23. Securities of local authorities
						55	3		29	90	90	24. Securities of public enterprises
